

# BLOU MET WIT VLEGWERK

**BENODIGDHEDE:** *3 bolle per grootte blou Pingouin Geisha (50-g-bolle, A) en 2 bolle per grootte wit Pingouin Crochet Nr. 5 (50-g-bolle, B), wat dubbel gebruik word; paar breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; hekelpen van 3,50 mm.*
**MATE:** *Om borsmaat van 81-87(92-97) cm lossies te pas; ware grootte 114(121) cm; lengte tot skouer 57 cm.*
**SPANNING:** *Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen; 17 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 4-mm-Ne.*
**AFKORTINGS: Breiwerk:** *R – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; gl – glip; tes – tesame; RK (VK) – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; Rif – riffelsteek.* **Hekelwerk:** *Ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; grn – gare rondom hekelpen.*

**Let wel:** Pingouin Nr. 5 word deurgaans dubbel gebruik.

**AGTERPANT:** Stel 84(90) ste met 3,25-mm-Ne op en brei 7 cm r2-, aw2-rif, vermeer 13 ste eweredig gespasieer oor laaste ry – 97(103) ste.

Slaan oor na 4-mm-Ne en A en brei pat.

**1e ry:** Aw1, *aw2tes, grn*; herh van * tot * en eindig met aw2.

Dié ry vorm pat. Brei pat tot werk 52cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Heg af.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot werk 45 cm lank is vanaf beg, eindig met VK-ry.
**Halsvorming: Vlg ry:** Brei 37(39) ste pat, plaas dié ste op 'n reserwe-N, heg vlg 23(25) ste af, pat tot einde.

Brei op dié 37(39) ste 1 ry pat. Heg 4 ste af aan halsrand van vlg ry, 3 ste aan beg van daaropvlg 2 alt rye, 2 ste aan beg van vlg alt ry; vermin daarna 1 st aan dieselfde rand in vlg alt ry – 24(26) ste.

Brei reguit tot voorpant so lank soos agterpant is en heg af.

Heg gare aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi om met eerste kant ooreen te stem, met omgekeerde vorming.

**GEHEKELDE STROOK:** Hekel 10 ks met B, 1htr in 1e ks om 'n ring te vorm.
**1e ry:** 16Kb in ring, verbind met 1gs in 1e kb, draai.
**2e ry:** 7Ks, 1kb in 5e kb van vorige ry, draai.
**3e ry:** 14Kb in 7ks, 1kb in 1e kb van vorige ry, draai.
**4e ry:** 14Kb in 14kb van vorige ry, 1kb in 1e kb van vorige ry.

Herh vanaf 2e tot 4e ry om pat te vorm. hou aan tot band 54(56) cm lank is en knip gare af.

Maak nog so 'n band, maar van 57(59)cm vir voorpant.

**AFWERKING:** Werk gehekelde bande aan halsrand van voor- en agterpant vas.

Werk bande 14 cm oor elke skouernaat vas.

Plaas 'n merker, 20 cm vanaf skouernaat, in syrande van voor- en agterpant. Werk synate tot merkers toe. Moenie pars nie. ●